Ons haal so vanselfsprekend op ‘n koue dag ‘n warm baadjie uit ons kas. ‘n **Baadjie** met baie ander **maatjies** in allerhande kleure en groottes vir ‘n variasie van geleenthede en temperature. Maar iewers is daar ***iemand nes ek*** wat nie eers een **warm baadjie** vir die **winter** het nie! Boonop kan ‘n **wintersbaadjie** iemand **dag én nag warm** hou - hy kan in hom slaap as dit moet en opstaan en gaan werk of skool toe stap en dit sal voel of die liefde waarmee hy gegee is, jou heeldag omarm...

En daarom sal **GROOTfm 90.5** weer in **Mei 2018 warm winterbaadjies** bymekaar maak vir al ons minderbevoorregte vriende wat by een van ons **vennote, PEN** en **Helpende Hand** se opheffing- of bemagtingsprojekte ingeskakel is. Hierdie keer ook met ‘n **blikkie** niebederfbare kos! Ons besef ‘n **blikkie** en ‘n **baadjie** kan die honger so bietjie stil en iemand warm hou daar waar hy is, maar dit verander ongelukkig nie sy omstandighede of toekoms nie... Ons wil hê hierdie praktiese items moet inpas by **projekte** wat werklik mense se lewens verander met ‘n **langtermyn impak** en met **ewigheidswaarde**!

1. **Blikkies** en **baadjies** kan by **GROOTfm 90.5** se kantoor in Lynnwood Manor afgelaai word **2-31 Mei 2018** en

2. Daar waar **skole, besighede** of **organisasies** ‘n groot klomp **blikkies** en **baadjies** ingesamel het, sal een van ons vennote graag die skenking by jou skool of kantoor kom oplaai.

pen Solidariteit® Helpende Hand

www.pen.org.za www.helpendehand.co.za

Projekorganiseerder: Lindie Strydom - lindie@grootfm.co.za